Generated by Foxit PDF Creator @ Foxit Software
http://www.foxitsoftware.com For evaluation only.

CrossroadMessage KruispadBoodskap

**Amos 9:6 Dit is Hy wat sy solders in die hemele bou en sy hemelgewelf bo die aarde vestig, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die aardbodem, HERE is sy Naam!**

Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: admin@crossroad-ministries.co.za
Posadres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619 Francois – 079 498 6099 René – 073 258 2688
First National Bank: 62016730865 Takkode: 230102 Tjekrekening
www.nwbikerschurch.co.za

facebook

# Here ons loof U vir 2011, 'n jaar propvol oorwinnings!

## Is jy gereed? Staan jy vas Warrior Bride van Jesus Christus?




Ons het uit so baie mense se monde gehoor dat 2010 een van hul swaarste en uitmergelendste jare was en dat hul eintlik nog gewond lê op die oorlogsveld. Ons sien die skade en verwoesting om ons van mense wie se lewens, gesinne, finansies, gesondheid uitmekaar geruk is en hul uitroep soos in Psalm 119:107 "Ek is baie diep neergedruk; HERE, maak my lewend na u woord!" MAAR! MAAR! Mat 12:20 'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring. (v21) En op sy Naam sal die heidene hoop.

As Jesus terugkom soek Hy geloof by ons en sê die Woord dan nie in Efesiërs 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

**Waar lê die probleem dan? Straf God ons? Nee!** As ons GELOOF wankel en ons toelaat dat twyfel, ongeloof en vrees inkom, gee ons vir satan 'n GETEKENDE KONTRAK om ons te slag, steel en te verwoes! As jy vandag in sak en as lê en die nuwe jaar vir jou oënskynlik niks inhou nie, my vriend/in, klou vas aan jou GELOOF, want dit is jou sklid wat die dodelike pyle van die vyand van jou gaan weghou. Dit is slegs jou GELOOF wat gaan maak dat jy jou GEES in outoriteit kan laat opstaan om volle beheer te neem van jou siel (wil, denke & emosies) en jou liggaam wat die tempel is van God se Heilige Gees.




*The enemy desires to steal your faith and expectation of My goodness, says the Lord. But, you must stand your ground and protect the seed, which is My word and My promises sown in your heart. Take care of of your inheritance, and be a good steward of what you've been given and what you've been given to do.*

**IS JY BEREID OM OP TE STAAN UIT DIE MODDER EN GEMORS VAN DIE VYAND?** IS JY BEREID OM TEN SPYTE VAN HOE JY VOEL, GOD TE AANBID SOOS DAWID VAN OUDS? As jy bereid is om dit te doen, gee God vandag vir jou hierdie belofte! Dit is dieselde belofte wat God aan Koning Salomo gemaak het, maar dis asof God vir my net sê dat dit nie net beperk was tot Salomo nie, maar ook vir my en jou! Wat begeer jy? Kies wysheid, want dan sê God: **1Konings 3:13 Ja, selfs wat jy nie begeer het nie, sal Ek jou gee, rykdom sowel as eer, sodat onder die konings niemand soos jy sal wees al jou dae nie.(14) En as jy in my weë wandel, deur my insettinge en my gebooie te onderhou, soos jou vader Dawid gewandel het, dan sal Ek jou dae verleng.**

**WYSHEID SAL JY VIND SLEGS AS JY IN GELOOF OPSTAAN EN 'N WILSBESLUIT NEEM OM TYD TE SPANDEER MET GOD EN SY WOORD, MAAR DIT GAAN VIR JOU OORWINNING OP OORWINNING BRING IN 2011!**
**WAT KIES JY?**

---

### 14 Mense neem Jesus aan Oujaarsnag van 2010 in 'n kroeg!

## Watter groot voorreg!!!



Ja, wie sal kan raai dat Iemand deur Sy Gees mense in 'n bar kan oortuig van hul sonde en hul siele red? Wel, Sy Naam is Jesus, die Seun van God! Ons het die 31ste Des 2010 'n middddernag diens gehou in Callie's Castle Corner, Orkney en 20min voor 2011 aangebreek het, het 14 mense hul lewens vir Jesus gegee! Daar was trane en nogmaals trane. 'n Vrou wat op die punt gestaan het om selfmoord te pleeg het uitgekom en inmekaargesak voor Francois se voete en daar haar lewe oorgegee aan Jesus! Later die nag het nog 'n matriekdogter buite op die sypaadjie haar lewe aan Jesus gegee. Ere aan God! **And ALL will see how great is our God!!! He's the Name above ALL names!**

Generated by Foxit PDF Creator @ Foxit Software
http://www.foxitsoftware.com For evaluation only.


# Grace Line se deure maak oop!

Ons databasis is besig om uit sy nate uit te bars en dit is net vir ons onmoontlik om ALMAL te bedien wat hulp nodig het. Ons harte was stukkend en ons was uitgebrand na liggaam en gees omdat ons so skuldig gevoel het omdat ons nie almal kan help wat hulp nodig het nie.

**GOD STUUR HULP!** Gerrie van Aswegen & Jan Dup van ons Biker's Church het kragte saamgespan en 'n plek gesoek waar mense en veral jongmense bedien kan word op 'n daaglikse basis met 'n 24/7 GRACE LINE! Gerrie doen al vir baie jare berading en bevryding en sal die kantoor beman gedurende die dag. Ons is besig om die plek veeldoelig in te rig sodat ons dit vir 'n koffiekroeg ook kan gebruik. Die plekkie is nie te groot nie, maar ons weet die Here vat ons stap vir stap na SY einddoel toe! Bid asb vir GRACE LINE!

**Ons is so dankbaar!** Nou kan ons mense verwys met groot vrymoedigheid en baie druk word so van ons skouers afgehaal!

**Ons kantoor is op die h/v Platan & Janice Ave, Klerksdorp regs langs El Shaddai Boekwinkel.** Kom besoek ons as jy in die omgewing is! Dankie ook vir elkeen wat vir ons bid. Jou gebede en God se heerlikheid dek ons agterhoede!
http://maps.google.co.za/maps?f=q&source=s_q&hl=en&geocode=&q=Klerksdorp,+Janice+Avenue,+North+West&sll=-28.45,24.7&sspn=18.793729,46.362305&ie=UTF8&hq=&hnear=Janice+Ave,+Flamwood,+Klerksdorp,+Southern+DC,+North+West+2571&z=16




# Crossroad Studios se vordering...



Dit was 'n groot gewoel in die studio die afgelope paar weke en ons het nie naastenby 'n begrip gehad van hoeveel werk dit is om so 'n ateljee te bou nie! Francois was by tye al moedeloos en dit het gevoel ons vorder niks nie, maar nou ja, ons het al geleer...**goeie resultate kom net deur harde werk en opofferings!** Ons nader darem uiteindelik 'n punt waar al die toerusting gekoppel is en die eerste toetslopies gedoen kan word. Ons was egter ontnugter na 'n freelance proeflopie op 19 Des by ons Biker's Church toe ons besef het dat ons huidige kameratjies nie naastenby die kwaliteit kan lewer wat ons eintlik nodig het vir ons professionele opnames nie (Kruiskyk ens). Ons vertrou die Here nou vir ten minste een professionele Sony Camcoder en vra dat julle regtig saam met ons sal staan in geloof! *As ons na die TV kyk en sien hoe die wêreld hul uitsendings in exellence doen, wil ons ook ons beste vir God se werk gee en ons glo ons kan!!* Satan hou die goud en silwer vas wat veronderstel is om na ons as kinders van God se huis toe te vloei, maar **enough is enough**! **Ons bind God se finansiële oorvloed nou vas aan elke kind van God se lewe en elke bediening wat uit God gebore is in die Naam van Yeshua, Jesus die Christus,Amen!**




## Ons eerste NW Bikers Church diens is 16 Januarie 2010!

Besoek ons gerus by www.nwbikerschurch.co.za of op Facebook! Ons is soooooooooo exited oor 2011, want mense het al gekom en vir ons gesê: "Die KOSH area is HARDE grond en julle sal nie sommer hier 'n verskil kan maak nie!". Wel, *ons* kan nie, maar met *God,* KAN ons! Ons het in 2010 soveel mense gesien terugdraai na God toe en weet dat die Here ons kragtig gaan gebruik in 2011 om die oes af te haal wat op die lande staan. Die biker gemeenskap in die Noord-Wes Provinsie en selfs die ander provinsies van SA, is besig om op te staan vir die Koninkryk van God! Ons sien groot name in die sekulêre biker's kringe wat besig is om met krag en mag God se Naam uit te dra na na 'n verloregaande wêreld. Op hierdie stadium sit ons Klerksdorp Biker's church 98% vol met sekulêre bike klubs en slegs 2% klubs wat bedien onder bikers soos bv CMA. Die NWBC is enig in sy soort en ons leuse is: ***"This church is not a showcase for Christians, it is a hospital for sinners!"*** As jy sonder sonde is, hou verby! As jy dink jy is beter as 'n ander, hou verby! Ons cater vir hulle wat verag word deur die wêreld en nie

Generated by Foxit PDF Creator @ Foxit Software
http://www.foxitsoftware.com For evaluation only.

aanvaarbaar is vir die "sogenaamde kerkmense" nie. **Hulle kom van all over...prostitute, pimps, moordenaars, daggarokers, drug addicts, alkoholiste..., because...@ the foot of the cross, the ground is even for us all!**

**Ons sien uit om hierdie jaar storm te loop (of te ry!) en een ding is seker: "Ons is tot alles instaat deur Jesus Christus wat ons die krag gee!" Kom jy saam??**




## Kruispad Vrouekamp 2011!

Ons is besig met ons finale beplanning en ons jaarlikse Profetiese Vrouekamp by Deo Gloria, Barkley-Wes sal weer in September plaasvind. Hou die 2-4 Sept oop op jou dagboek en onthou, jy kan reeds nou al jou rondawel bespreek!



## Hou ook ons webtuiste dop vir inligting! Selah!



**KRUISPAD KONING,**

**Ons kyk dankbaar terug op 2010 en elke koning wat belê het in Kruispad Bedieninge. Sonder julle finansies sou ons verseker nie naastenby kon bereik wat ons bereik het nie!**

**Ons het egter konings verloor langs die pad, maar ons sien dit ook as saad wat ons gesaai het en weet dat God weer konings in hul plek sal oprig 30,60 & 100 voudig!**

**Ons kan net uit ons harte dankie sê vir jul getrouheid en gehoorsaamheid. Die gety het gedraai, dit is tyd vir BLESSINGS & HARVESTS! Geniet elke oomblik daarvan!**

**Dankie aan elke KRUISPAD KONING wat ons bediening beskerm deur jou finansies en gebede! As jy graag 'n KRUISPAD KONING wil word, kontak ons asb of besoek ons website www.crossroad-ministries.co.za**

**First National Bank: 62016730865**
**Branch Code: 230102**

(Num 6:24-26 NLT)

**May the LORD bless you and protect you.**
**May the LORD smile on you and be gracious to you.**
**May the LORD show you his favor and give you his peace.'**
**SHALOM!!**




**Francois & René**